Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: 012 3356806
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

DIE HOËRSKOOL WONDERBOOM

NUUSBRIEF 19/2/2021

Baie welkom aan al die Wonnies! Graag wil ons al die splinternuwe Tetraodontidaes Graad 8-Wonnies spesiaal welkom heet hier in Wonnie-land. Dan natuurlik ook baie welkom aan elke matrikulant. Vir al die Wonnies: Mag hierdie jaar gevul wees met genade, geluk en gesondheid.

KONTAKBESONDERHEDE

Aangesien geen ouers tans nog, volgens die Covid-maatreëls, op die terrein toegelaat mag word nie, kan u gerus die onderstaande e-posse gebruik om met die skool te kommunikeer:

Afwesighede:	admin@wonnies.co.za
Uitteken gedurende skoolure:	ontvangs@wonnies.co.za
Finansies (skoolfondsnavrae en bewys van betaling):	finansies@wonnies.co.za
Finansies (agterstallige skoolfonds en subsidies): -	invorderaar@wonnies.co.za
Sport:	carl@wonnies.co.za
Kultuur:	minnaar.j@wonnies.co.za
Bemarking:	bemarking@wonnies.co.za
Algemene navrae:	hswb@wonnies.co.za
Akademiese navrae:	mcgeert@wonnies.co.za
Vakveranderings:	registrateurs@wonnies.co.za

Graad 8: Me. S Venter	engels@wonnies.co.za
Graad 9: Me. M Bouwer	wiskunde@wonnies.co.za
Graad 10: Me. R Engelbrecht	rene.e@wonnies.co.za
Graad 11: Mnr. J Janse van Rensburg	janjvr@wonnies.co.za
Graad 12: Mnr. B Deysel of	barend.deysel@wonnies.co.za of
Graad 12: Me. N Strydom	registrateurs@wonnies.co.za

Die WOLKSKOOL

GRATIS TOEGANG TOT DIE WOLKSKOOL

Ten einde die beste moontlike geleentheid vir elke leerder te bied om hierdie jaar akademies te kan presteer, sal daar in 2021 gratis toegang vir alle leerders tot die Wolkskool wees. Aangeheg (Aanhangsel A) is die stappe om u kind by die Wolkskool te registreer. Hierdie vervang nie die Google Klaskamers nie, maar bied nog bykomende hulp. Nadat u die leerder geregistreer het, gaan u 'n outomatiese SMS ontvang wat aandui dat daar 'n maandelikse koste is. **U kan dit gerus ignoreer**! Hierdie gelde is reeds ingesluit by u skoolgeld – u moet egter die leerder se @wonnies adres gebruik vir die gratis registrasie.

TEMA VIR 2021: LEEF VOLUIT MET DANKBAARHEID

SKOOLDAE:
22 Feb - 26 Feb

22 Februarie – Dag 3 (Gr 9,11,12)
23 Februarie – Dag 4 (Gr 8,10,12)
24 Februarie – Dag 4 (Gr 9.11,12)
25 Februarie – Dag 5 (Gr 8,10,12)
26 Februarie – Dag 5 (Gr 9.11.12)

Leerders besoek dus op alternatiewe dae die skool, terwyl die Graad 12-leerders daagliks skool bywoon. Sekere dae wanneer leerders egter nie skool bywoon nie, gaan hul wel moet inkom ten einde toetse te skryf ens. Inligting hieroor sal later gekommunikeer word.

UITTEKEN VAN LEERDERS

Indien u 'n leerder moet uitteken, geld die volgende prosedure:

1.1 U moet verkieslik voor 8:00 'n e-pos stuur na ontvangs@wonnies.co.za.
1.2 Verskaf u ID-nommer, vir kontrole op die stelsel.
1.3 Die rede vir die uitteken moet aangedui word: Slegs ernstige- en noodsituasies, sal toegestaan word.
1.4 Dui ook die leerder se volle name en klas aan.
1.5 Dui laastens ook die tyd aan wat die leerder gehaal sal word.

U rapporteer dan by die hekwag met u ID-dokument. Die leerder sal 10 min voor die aangewese tyd, uit die klas geroep word en 'n uittekenkaartjie ontvang. Die leerder sal dan self die kaartjie ingee by die hekwag, wat die inligting kontroleer met u ID-dokument, waarna u die leerder buite die skoolterrein ontvang.

VOORTGAAN MET SPORT:

Na 'n lang gewag, het skole toestemming ontvang dat daar begin kan word met oefeninge in selfs kontaksporte. Daar is egter streng regulasies wat geld ten einde die veiligheid van alle leerders te verseker. Dit sluit in dat die aanvanklike oefening slegs fiksheid en hantering sal insluit. Alhoewel ligas en interskole kompetisies nog nie mag plaasvind nie, beplan die verskillende sportsoorte om binne die volgende week of twee te begin oefen. Die inligting sal aan u deurgegee word. Die fokus nou is om aan die somersportsoorte voorkeer te gee, sodat hul gereed is indien daar wel met byeenkomste voortgegaan kan word. Ons vra dus dat elke Wonnie sommer met ywer sal begin saamoefen. Aan die hand van hierdie veranderings in die maatreëls, het ons reeds op Donderdag, 25 Februarie, vir Graad 9,11en op Vrydag, 26 Februarie, vir Graad 8, 10, 12 Interhuis Atletiek.

NUWE BANKBESONDERHEDE:

FNB Bankbesonderhede:
Bank: FNB
Tjekrekening: 62877816789
Takkode: 250655
Gebruik asseblief u kind se adminkode, van en naam as verwysing tydens betaling.

AFLEWERING VAN PAKKIES BY DIE SKOOLHEK

Ons vra u as ouers om nie pakkies/projekte/kosblikke/weg-neemetes ens. vir aflewering na die hek te bring nie. Geen items gaan deur die hekwag geneem word nie. Indien u kind iets vergeet het, kan u dit naskool (14:00) self vir die leerder oorhandig. Werk/boeke wat vergeet is, is maar 'n leerproses waardeur elke leerder moet gaan, sodat hul in die toekoms verantwoordelikheid neem vir hul items.

BEHEERLIGGAAM-VERKIESING

Volgens die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996) moet daar elke drie jaar 'n nuwe Beheerliggaam verkies word. Kennis geskied hiermee van die Beheerliggaam-verkiesing wat sal plaasvind op **18 Maart 2021**.

Foto van die skool uit die argiewe.

Kleurfoto van die skool soos dit tans lyk.

BASISLYNASSESSERING: WISKUNDE

Die Departement van Onderwys verwag van skole om 'n basislynassessering in sekere grade te doen ten einde te bepaal waar tekortkominge na die Covid-19 pandemie van 2020 ontstaan het. Verder sal dit 'n aanduiding gee van uitvalle van leerders in Graad 10 wat wel die vak, Wiskunde, neem. Ons beplan om dié basislynassessering (toetse) vir **Graad 8 en Graad 10 op 25 Februarie**, direk na skool, te hanteer. Die toetse is verpligtend en alle leerders moet dit voltooi. Leerders hoef nie vir die assesserings te leer nie, dit toets juis hul basiese kennis wat hul veronderstel om reeds in die betrokke graad te hê. Volledige inligting rakende die twee toetse, sal op die Wiskunde Google Classrooms geplaas word en in die Wiskunde klasse uitgegee word.

LOURIERAAND: 2021

Tydens ons onlangse Lourieraand is die volgende leerders as Toppresteerders vir akademie in hul graad aangewys. Baie geluk!

TOP 10: GRAAD 8 (2020)

1	ELMARI UYS	89.61
2	LIZERI JOUBERT	88.26
3	GUILLAUME LUÜS	87.44
4	HEIN REINERS	87.42
5	SUNELLE KÜHN	86.89
6	ZANDI PRETORIUS	86.5
7	MEANÉ MC DONALD	84.58
8	CORLI DE VRIES	84.25
9	CARIKE JANSEN	84.14
10	RENÉ VAN EMMENES	83.37

TOP 10: GRAAD 9 (2020)

1	LISA ESTERHUIZEN	94.26
2	ARMAND CILLIERS	94.12
3	ISANÉ BEZUIDENHOUT	93.17
4	JOHAN COETZEE	91.87
5	CORNÉ JORDAAN	88.86
6	MINJONÉ MULLER	88.78
7	CHANIE ERASMUS	88.38
8	TANIA CURTIS	88.19
9	SONIQUE DEYSEL	88.03
10	BRITTANY BOUWER	86.31

TOP 10: GRAAD 10 (2020)

1	AMONÉ WILKINS	88.58
2	ANNEKE DE LANGE	87.98
3	MICHÁN HOMAN	86.93
4	TANELI DE BRUIN	86.03
5	SHENICE COMBRINK	84.98
6	HAZEL MILLS	83.56
7	JORDAN BOTES	81.09
8	HESTIE ODENDAAL	80.38
9	JOLAINE SCHOEMAN	79.92
10	MONIQUE LANGENHOVEN	79.16

TOP 10: GRAAD 11 (2020)

1	ARMANDT ERASMUS	90.67
2	CHARLENE FOURIE	83.76
3	JANA VAN DER MERWE	83.22
4	LARISSA VAN DYK	82.92
5	SHIRLEY KOTZÉ	81.08
6	OWEN KLEE	80.72
7	KAYLIN SMIT	80.12
8	TRISTIN BADENHORST	79.93
9	KYLA VAN DER MERWE	79.57
10	SAMANTHA VOSLOO	78.32

MNR LEZAR
SKOOLHOOF

AANHANGSEL A (INTEKEN OP WOLKSOOL – STAPPE)